GELEENTHEDE BY VRYSTAAT GEMEENTES OP 1 SEPTEMBER 2018

NG Hospitaalpark: Karnaval & Babavlotparade

NG Bloemheuwel:

Dalk met die uitsondering van dansende seekoeie, is daar bitter weinig wat jy nie op die basaar van dié gemeente te Haarburgersingel, Westdene op **Saterdag 1 September 2018 vanaf 09:00**, te koop, te eet, te sien en te geniet sal kry nie! Kom loer gerus in en koop van die heerlike kerrie en rys, vetkoek, braaivleis, en vele meer. Kom kyk ook hoe bak die pannekoekmasjien pannekoek en gaan snuffel gerus rond by die wit olifanttafel. Die rouvleistafel is ook 'n moet om te besoek! Vir die soettande is daar basaarpoeding en lekkers uit die boonste rakke. Sien julle daar - navrae by Marieta de Ru, 051 447 7468 (k)

NG Wilgehof bied die volgende geleenthede aan:

NG Hugenoot:

NG Frankfort: Gemeentefees op **Saterdag 1 September 2018** en op die **2de word ook 'n spitbraai-ete** aangebied - **klik op biljet regs** vir groter weergawe, met al die **inligting, asook die inskrywingsvorm** vir 'n kleurvolle fotokompetisie.

NG Parys-Suid: Let wel: ***Basaar word by die NG Parys-Wes se kerksaal gehou***

NG Edenville:

NG Rouxville hou Gemeentefees:

Vir heerlike plattelandse gasvryheid, woon gerus hierdie geleentheid by wat op **Saterdag 1 September 2018** by die Vendusiekrale plaasvind - **ontbyt word reeds vanaf 07:30 bedien** en die **amptelike opening sal om 09:00** geskied. Kom koop en geniet die volgende saam met die lidmate:

Middagete: Tjops, wors, sosaties en slaai
Teetuin heeldag oop
Te koop: Grootkoeke, kleinkoekies, pannekoek, koeksisters, pragtige handwerk, vetkoek en basaarpoeding. Kom kry lekker winskopies by die **Wit Olifanttafel**

Kinderprogram: Gesigverf deur GOGGA en vele meer
Heerlike **VLEIS** teen bekostigbare pryse
Motorfietsitems